


21 Movies



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Braveheart

Galasiërs 5:1

"Elke mens sterf", sê William Wallace wanneer hy sy manskappe vir die oorlog motiveer, "maar nie alle mense leef voluit nie." Almal wil immers voel dat hulle werklik leef, en vir William Wallace begin dit by vryheid.

Vir Paulus is die lewe in Christus ook 'n saak van vryheid, maar die dwaalleraars in Galasië wou hierdie vryheid inperk deur godsdienstige laste op die gemeente te plaas. Christenskap is nie in die eerste plek 'n saak van wette en reëls nie, maar van lewe en vryheid. Om vry te wees beteken verder dat niks of niemand - nie die wil van ander, die obsessie met rykdom, 'n oorvol dagprogram of die behoefte om in te wees nie - van jou 'n gevangene mag maak nie.

*Lees die teks stadig deur.
Lees dit hardop indien moontlik.*

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

*Leef ten volle in Christus se vryheid, en jy sal saam met William Wallace kan sê: "Hulle kan selfs my lewe neem, maar my vryheid sal hulle nooit kan weggeneem nie."
(Bybel 24/7)*